


POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS
No 37.
AASVOËLS VAN DIE KALAHARI
Meiring Fouché

Toe konstabel Buks Senekal in 'n onherbergsame deel van die Kalahariwoestyn op 'n verlate vliegtuig afkom, het hy dadelik gevoel dat alles nie pluis is nie.

Hy het besluit om ondersoek in te stel en al wat hy aanvanklik kon doen, was om te wag. Maar hy het tevergeefs gewag, want nie ver daarvandaan nie was 'n ontsettende drama besig om hom af te speel—'n drama wat reeds jare tevore begin het en waarin Buks nog teen wil en dank tot oor sy ore betrokke sou raak. Hier sou Buks uitvind hoe verskriklik dit kan wees wanneer 'n skurk weet hoe om die onverbiddelike woestyn as bondgenoot te gebruik.

Stofomslag: Chris du Plooy



## Hoofstuk 1

Toe konstabel Buks Senekal die aasvoëls bo die rooi duine van die noordelike Kalahari sien draai, verbeel hy hom eers dat dit miskien 'n wildebees is of 'n gemsbok of miskien 'n wildkalfie is wat die moord gesteek het. Hy sit in sy jeep op die rug van 'n hoë duin en hy kyk noordweswaarts in die rigting van Rooiberg. Dit is waar die aasvoëls draai. Daar is nie baie nie. Miskien 'n dosyn of so. Maar hulle draai laag en hy weet wat die beteken. Dit beteken 'n slagoffer wat nog nie heeltemal dood is nie.

Buks Senekal se oë is nou toe hy na die draaiende voëls kyk. Dalk misgis hy hom heeltemal. Dalk draai hulle oor die oorblyfsels van 'n dier wat deur die wilddiewe neergetrek is. Buks Senekal word sommer warm toe hy dáároan dink, want in hierdie deel van die Kalahari is dit een van die groot probleme van die polisie. Hierdie gedurige wilddiefstal.

Toe sersant Van Wyk met vakansie weg is, was dit nog sy laaste woorde aan konstabel Buks Senekal dat hy moet oplet vir wilddiewe. Die mense het in die afgelope tyd alte brutaal geword. Dan kan hulle ook so wreed wees. Senekal het al op gemsbokke afgekom waarvan net die boude afgesny is terwyl die res van die kosbare bok net so laat lê is vir die roofdiere en die aasvoëls. Gedurende sy dienstyd hier op Kameeldoring, die klein plekkie wat hier in die Kalahari verlore lê, het hy al afgekom op 'n toneel waar by die honderd springbokke op 'n hoop doodgeskiet is. Net die biltongvleis is uitgesny en die res is net so laat lê. Die konstabel voel kriewelrig en opgewonde terwyl hy na die aasvoëls kyk en hy besluit op die plek om daarheen te ry. Hy ken hierdie wêreld en daarom weet hy presies hoe om die jeep oor die duine te laat spring na waar die aasvoëls beweeg.

Dit duur nie lank nie of Buks Senekal kom op die laaste duin uit voordat hy die aasvoëls sal bereik. Hy kyk af op 'n toneel wat hom totaal verbaas. Iets so onverwags en skynbaar onmoontlik dat hy ouder gewoonte sy onderlip vasbyt. Dit doen hy altyd wanneer hy 'n verrassing kry, of wanneer hy geskok word.

Hier onder hom, ingesluit deur hoë duine, lê 'n groot pan en aan die anderkant van die pad staan daar 'n groep kameeldorings bymekaar. Hulle is ou bome met yslike ronde krone en onder hulle sien hy iets wat vir hom soos 'n vliegtuig lyk. Dit kan nie wees nie, sê Buks in sy binneste toe hy die eerste indruk kry. 'n Vliegtuig, hier in die Kalahari? Op hierdie verlate pan? Nee, dit kan nie wees nie.

En aasvoëls - waarom draai hulle dan daar?

Sonder om hom verder te verwonder, laat snork Buks die jeep teen die duin af, reg oor die plat pan en in 'n kits swaai hy onder die kameeldorings in.

Ja, dit is soos hy gemeen het. Dit is 'n vliegtuig. Een van die klein soort. 'n Tweesitplek-affêretjie wat so dun en broos lyk dat 'n mens jou nie kan verbeel dat iemand daarmee deur die lug kan vlieg nie. Met die eerste oogopslag sien Buks dat die vliegtuig netjies onder die bome ingetrek is, blykbaar om dit te beskerm. Of sou dit miskien gedoen gewees het om die vliegtuig te verberg?

Hy weet nou wat die aasvoëls doen. Hulle draai hier bloot uit nuuskierigheid en nie omdat hulle blykbaar 'n slagoffer gewaar het nie.

Buks het uit sy jeep gespring en hy kyk vlugtig om die vliegtuig rond. Nee, hier is nie 'n teken van 'n mens nie. Vir 'n oomblik het hy gevrees dat iemand miskien hier omgekom het maar hy sien g'n teken van so iets nie. Al wat hy sien, is die vliegtuig wat roerloos onder die kameeldorings staan.

Buks klouter op die vlerk en kyk by die kajuit in. Die deursigtige kajuitbedekking is toegetrek en al wat hy binnein sien, is die vliegbril wat op die sitplek lê. Verder niks. Daar is nie die minste aanduiding aan wie die vliegtuig kan behoort nie.

Buks kyk 'n rukkie nuuskierig in die kajuit rond en toe klim hy weer van die vlerk af. Toe hy op die grond staan, wonder hy wat dit nou alles beteken. 'n Wilddief sal tog seker nie met so 'n klein vliegtuigie kom nie. Hy sal skaars 'n suikersakkie biltong hierin kan laai.

En terwyl hy wonder, sien hy nog iets. Half verberg agter die stam van een van die kameeldorings, staan daar 'n groterige kantien. Blykbaar 'n kantien met brandstof. Hy sien 'n tweede kantien en toe hy dié oopdraai, sien hy dat dit water is. Blykbaar drinkwater.

En hoe Buks Senekal ook al spoorsny, hy kan niks gewaar nie. Volgens die stof en sand wat teen die wiele van die vliegtuig opgewaai is en ook om die twee kantiene, oordeel hy dat die vliegtuig seker gister of so hier aangekom het. As daar enige spore was, dan het die nagwind wat so kwaai gewaai het verlede nag, alles uitgewis.

Buks loop nietemin om die kameeldorings en probeer 'n aanduiding kry waarheen die persoon of persone wat dan met die vliegtuig gekom het, kon verdwyn het. Maar na 'n kwartier gee hy die saak gewonne. Daar is geen teken van 'n spoor nie.

Buks Senekal frons diep toe hy na die jeep terugstap. Wat dit op aarde kan beteken, weet hy nie. Die aasvoëls het padgegee. Blykbaar is hul nuuskierigheid bevredig, of so nie, besef hulle dat hier vir hulle niks te ase is nie.

Buks vat sy verkyker, gaan staan langs die jeep en begin die omgewing betrag. Hy kyk eers oor die groot pan uit. 'n Ideale sitplek vir 'n vliegtuig. Toe bekyk hy die duine wat die pan omsoom. Hy soek na die tekens van spore oor die duine. Maar hy gewaar niks. Die duine is stil en sonder boodskap. Toe kyk hy verder in die rigting van Rooiberg, hoog en ru en trots in die sonlig. Sy hoogste kranse is manjifiek en sagblou in die afstand. Sy klowe is onheilspellend en vol geheime. 'n Indrukwekkende berg hierdie Rooiberg. Dit staan op uit die duinewemeling van die Kalahari, dan loop dit skotig na bo en dan meteens begin die loodregte kransestapels wat opskiet tot teen die blou hemel. Rooiberg is redelik dig begroei, maar daar is plekke waar dit kaal is, waar die water gewoonlik te vinnig na benede hardloop

Buks Senekal kyk lank na die berg en hy wonder of Rooiberg miskien iets te doen het met die aankoms van die vliegtuig. Sou daar verband wees tussen die vliegtuig en die berg?

Maar dit is 'n vraag wat die jong konstabel nie probeer beantwoord nie. Hy het geen rede om te meen dat dit so is nie.

Toe kyk hy weer na die klein geel vliegtuig en hy wonder wanneer die persoon wat hier kom sit het, sal besluit om te vertrek. Hy wat Buks is, sal graag hier wil wees wanneer die geheimsinnige vlieënier weer afskeid neem van die Kalahari. Want hy wil graag weet wat 'n man met 'n klein ligte vliegtuig in hierdie deel van die wêreld kom soek. Hierdie pan is omtrent veertig myl van Kameeldoring af en Kameeldoring is omtrent die mees afgeleë plek waarvan Buks Senekal nog gehoor het. Hier waar die vliegtuig staan, is hy behoorlik verlore in die Kalahari. Weinig blankes waag dit ooit hierheen, want hierdie is 'n waterlose streek. Dit is staatsgrond en geen boer bevind hom in die nabyheid nie. In hierdie streke is nog Boesmans wat meestal in die voorheuwels van Rooiberg skuil. Hulle kom net hier jag. Die enigste ander indringers hier van tyd tot tyd, is die wilddiewe. Maar selfs hulle is nie baie volop nie om-

dat hierdie streek byna onbegaanbaar is met 'n motorvoertuig en omdat water feitlik nie hier bestaan nie. Hier verdwaal 'n man met 'n handomkeer en slegs die mees ondernemende en die manhaftigste van die wilddiewe waag dit hierheen.

Vir Buks is dit 'n raaisel. Daarom besluit hy om weer 'n slag te kyk. Hy klouter op die vlerk, skuif die kajuitkap terug, kyk in die agterste sitplek. Daar is ook niks besonders nie. Maar Buks kom tot 'n gevolgtrekking. Hy is seker dat net een man met hierdie vliegtuig gekom het, want die kan brandstof en die waterkantien het hy bepaald in die agterste sitplek gesit. Voor by die loods is daar nie plek vir so iets nie. En as twee sulke kantiene in die agterste sitplek is, is daar nie nog plek vir iemand om te sit nie. Buks voel dankbaar dat hy darem iets kon uitredeneer. Aan die binnekant van die deur in die voorste sitplek, sien hy 'n klein sakkie. Hy leun oor en steek sy hand daarin. Hy voel 'n stuk papier en trek dit uit. Toe hy dit oopvou, rek sy oë. Dit is 'n landkaart of 'n plan. Dit is sommeer rofweg getrek met pen en ink. Maar toe Buks Senekal sien wat daar afgetekn is, gee sy hart 'n ruk. Op die kaart is net 'n paar plekke aangedui - Kuruman, Kameeldoring, Aroab in Suidwes-Afrika, Upington en die plekkie Ghanzi in Betsjoeanaland.

Die plekke is almal duidelik afgeteken. Hulle is met strepe verbind en teen die strepe staan afstande geskryf. En naby in die middel van die kaart is daar 'n aanduiding waarby "Rooiberg" geskryf is. En op 'n plek by Rooiberg is 'n kruisie getrek.

'n Entjie net ooswaarts van Rooiberg is daar 'n kleiner aanduiding en daarin staan geskryf "pan". Blykbaar is dit hierdie langdingsplek.

Buks vou die kaart versigtig toe en druk dit in die sak terug. Toe maak hy nog 'n gevolgtrekking. Die persoon wat daardie kaart geteken het, ken die omgewing van Kameeldoring en Rooiberg. Hy het 'n gevoel dat hierdie vliegtuig iets te doen het met Kameeldoring. Maar wat?

En daardie kruisie. Daardie is interessant. Dit dui iets aan. Maar wat? Dit is nog 'n vraag wat Buks nie kan beantwoord nie. Hy hurk daar op die vlerk van die vliegtuig, lig sy pet en krap sy kop. 'n Interessante toeval, dink hy, dat die noodlot hom nou juis op hierdie oomblik hierheen gebring het, na hierdie afgeleë plek voor die





Rooiberg. Hy kyk ingedagte na die merke teen die romp van die vliegtuig. Maar dit sê vir hom niks.

'n Hele ruk sit hy so, en die raaisel verdiep vir hom. Toe spring hy van die vlerk af en kyk weer rond. Hierdie keer kyk hy deur die lug rond. As hierdie man 'n wilddief is, is dit heel moontlik dat 'n mens iewers aasvoëls sal sien draai. Maar die lug is skoon. Buks gewaar niks.

Dit is nog redelik vroeg in die namiddag en toe besluit hy om maar sy patrollie voort te sit en vanaand hier iewers op 'n duin te kom stelling inneem om te bespied wat nou eintlik hier gaande is. Hier is 'n skroef los, dit kan hy voel. Maar wat dit is, dit kan hy nie bepaal nie.

Buks Senekal gaan klim in sy jeep en hy ry oor die pan weg. Hy gaan die duine in en hy hou sy oë oop. Met sy verkyker neem hy telkens die hele omgewing op om te sien of hy darem nie iewers aasvoëls sien draai nie. Maar die middag gaan verby sonder dat hy iets gewaar.

Dit is 'n ruk voor sononder toe hy weer in die rigting van die vliegtuig beweeg. Op 'n hoë duin hou hy stil, haal sy koffiefles uit en skink vir hom 'n beker koffie. Hy drink daaraan en kyk werktuiglik in die rigting van Rooiberg. Buks dink in alle rigtings om te probeer vasstel watter verband hierdie vliegtuig moontlik kan hê met Rooiberg en Kameeldoring. Kameeldoring ... so 'n oninteressante plek - verlore in die woesteny van die Kalahari. Daar is een winkel, 'n poskantoortjie en 'n plek wat genoem word 'n hotel maar eintlik is dit niks van die aard nie. Daar staan 'n paar klein woonhuise en dan natuurlik die polisiestasie. Kameeldoring het eintlik om die polisiestasie opgegroei. Voorheen was dit bloot 'n voorpos van die polisie in hierdie wilde wêreld.

Hy is nou omtrent 'n jaar op Kameeldoring en die enigste insident wat van enige belang is waaraan hy kan dink, is die dood van Faan de Beer. Dit het plaasgevind nog voordat hy op Kameeldoring aangekom het. Die mense het hom maar daarvan vertel. Faan de Beer was die prospekteerder. Hy het wyd en syd na 'n fortuin gesoek. Hy het hom op Kameeldoring kom vestig en sy vrou, Lulu, altyd daar agtergelaat wanneer hy met sy omswerwinge begin. Maar op 'n dag het hulle Faan de Beer in die Rooiberg dood gekry. Daar was een skoot deur sy hart. Hulle het 'n man gearresteer maar Buks kan nie meer eens onthou wat die afloop van dit alles was nie.

Hy het die storie een of twee maal gehoor, maar dit is 'n hele ruk gelede en die mense van Kameeldoring het feitlik al die verhaal vergeet.

Hy dink al om die geval, maar tog kan hy daaruit geen aanduiding kry wat hom nou op die spoor van enigiets kan bring nie. Daardie voorval het reeds in die vergetelheid vervaag en niemand praat meer deesdae daaroor nie, behalwe dat iemand af en toe verwys na Faan de Beer se pragtige vrou.

Buks Senekal drink sy koffie klaar en skud sy kop. Nee, hierdie ding het hom onder die knie. Hiervan kan hy geen kop of stert uitmaak nie. Die tyd sal hom maar moet leer wat nou eintlik hier gaande is.

Dit is reeds kort voor sononder toe Buks sy jeep agter die laaste duin intrek voordat 'n mens die pan bereik waar hy die vliegtuig ontdek het. Hy trek die sleutel uit, vat sy watersak, sy kosblik, sy koffiefles en hy begin oor die pan aanstryk in die rigting van die vliegtuig. 'n Ent van die vliegtuig af sit hy sy goed neer en haal sy rewolwer uit, hy gaan dit na en vind dat dit gelaai is. Hy druk dit in die sak toe, knoop dit vas en begin weer aanstryk.

Dit word 'n baie stil aand, windloos en warm. Dit begin al skemer word toe Buks die vliegtuig bereik. Daar is nog geen teken van lewe nie. Hy maak sy kosblik oop en begin eet. Hy sal vannag hier bly. Hy gaan hier bly totdat die eienaar van die vliegtuig opdaag.

Dit is terwyl hy wag, dat 'n ander gedagte by die polisieman opkom. Wie sê hierdie man het nie verdwaal nie? Wie sê hy het nie van sy koers afgeraak, die vliegtuig hier gelos en die duine ingestap nie? As hy hierdie wêreld nie ken nie, dan is dit klaar met kees. Die man wat hierdie duine nie ken nie, en dit waag om hulle binne te gaan, is 'n dwaas.

Buks voel meteens 'n groot verpligting op hom. As daar 'n moontlikheid bestaan dat die man verdwaal het, dan is dit sy plig om hom te probeer opspoor en help. Maar dan, blykbaar ken die man darem hierdie omgewing. Hy het dan daardie kaart geteken.

Meteens dink Buks weer aan die kruisie daar aan die voet van Rooiberg. Rooiberg, die plek waar Faan die Beer doodgeskiet is. Die konstabel sit meteens regop teen die kameeldoringboom waarteen hy leun. Kan dit wees....... is dit moontlik? Nee, wat, dit is te fantasties. Hy sak maar weer teen die boom terug en sit daar so, terwyl die nag oor hierdie verlate uitgestrektheid kom toesak. Hy luister na die geluide van die nag, die gebrul van 'n leeu ver, en hier iewers teen die kant van die pan die kortaf geluid van 'n wildebees.





Buks maak opsetlik nie vuur nie want hy wil graag hê dat as die eienaar opdaag, hy nie afgeskrik moet word deur 'n vuur nie, as daar miskien enige rede is waarom hy hom sal laat afskrik.

Buks Senekal wag tevergeefs deur die voornag op sy vreemde en onbekende besoeker. Vergeefs, omdat die eienaar van die vliegtuig glad nie in die omgewing van die pan is nie......

* * *

In 'n kloof in Rooiberg tussen 'n boskasie wag-'n-bietjie, waar dit feitlik onsigbaar versteek is, staan 'n hut. Dit is 'n eenvoudige hut van hout en sink aanmekaar getimmer. Dit het eintlik net twee vertrekke en net een deur. Die voordeur is lendelam, die meubels is eenvoudig en die deur van die agterste vertrek loop uit die voorste vertrek.

By 'n mankolieke tafel in die eerste vertrek, sit 'n man gebuig. Sy hare is ruig en lank en hier en daar is hulle aan die grys word. Sy hande is ru en sterk en die spiere lê opvallend duidelik op sy arms. Hy is 'n man wat harde liggaamlike arbeid doen. Dit sou enigiemand weet wat hom die eerste maal sien. Sy nek is sterk en sy skouers breed.

Hy sit en kyk in 'n verslete tydskrif wat al twee maande oud is. Hy lees daar iets in wat hom interesseer.

Sy naam is Flip Esbach en hy leef hier soos 'n kluisenaar.

Flip Esbach is so verdiep in die tydskrif, dat hy nie die skarniere van die voordeur hoor knars nie. Hy sien nie eens hoe dit oopgestoot word nie. Dit is eers toe die stem hom aanspreek, dat hy vinnig en verward opkyk.

"Dan is jy nog altyd hier," sê die stem en toe Flip Esbach 'n oomblik onseker na die man opkyk wat in die deur staan, vlieg hy so vinnig op dat hy die olielamp byna op die tafel omstamp.

"Chris," roep hy uit. "Chris Wagenaar! Waar kom jy vandaan?"

"Ek is terug, Esbach," sê die kêrel. Hy is ook lank en fris gebou, maar daar is iets netjies en deegliks aan sy voorkoms. Sy oë is skerp en miskien bietjie te klein vir sy sterk gelaat. Daar is iets onaange-

naams in sy kykers.

"Waar .... waar kom jy vandaan, Chris?" vra Esbach en sy vuiste wat op die tafel gedruk is, bewe onbedaarlik. Hy sluk 'n paar maal en sy oë is groot en onnatuurlik blink.

Die besoeker lag. Dit is 'n harde ruwe lag. "Waar sal ek dan vandaan kom?" vra hy. "Ek kom uit die Sentrale Gevangenis in Pretoria, my liewe Esbach. Het jy dan vergeet?"

"Nee ..... nee ek het nie vergeet nie," sê Esbach onderdanig. "Ek .. wel ek het jou net nie verwag nie."

Chris Wagenaar glimlag en Esbach merk op dat sy besoeker sy hand in sy regterbaadjiesak het. Hy het dit vlugtig raakgesien en dit laat sy hart krimp. Hy dink aan 'n voorval vier jaar gelede. Dit bring die sweet op sy voorkop.

"Kom sit, Chris. Wil jy nie kom sit nie?"

Chris Wagenaar bly staan net waar hy is.

Toe steek Flip Esbach sy hand uit. "Groet jy dan nie 'n mens nie, Chris? Dit is lank dat ons mekaar laas gesien het. Vier jaar."

Maar Chris Wagenaar steek nie sy hand uit nie. Sy regterhand bly in sy baadjiesak.

"Jy is 'n manhaftige man, Esbach," sê hy. "Dink jy dat ek jou nog sal groet na alles wat gebeur het? Dink jy dit waarlik?"

"Maar ... maar Chris, moenie onverstandig wees nie."

"Onverstandig? Wat praat jy nou?"

Chris Wagenaar kom meteens vorentoe en kom sit op die stoel by die tafel.

Flip Esbach gaan ook verlig sit. "Ek kan nie verstaan hoe jy hier uitgekom het nie, Chris," sê hy. "Waarmee het jy gekom? 'n Motor?"

"Ek het gevlieg," sê Chris Wagenaar. "Met 'n paar vlerke wat ek kan opvou en in my baadjiesak steek. Weet jy waarom ek gekom het, Esbach?"

"Ek sal nie kan sê nie, Chris."

Chris Wagenaar glimlag weer. "Jy is so 'n dwaas, Esbach. Partykeer weet ek nie of jy moedswillig is en of jy maar net onnosel is nie. Moet ek jou sê waarom ek gekom het?" Die besoeker leun vooroor op die ruwe tafel. Sy oë is nou helderder. Dit lyk asof 'n waansin uit hulle gloei.

"Ek het gekom, Esbach," sê hy, "om my pond vleis te eis. Ek het gekom om met jou af te reken vir wat jy my aangedoen het. Kan





jy nog onthou, Esbach? Dit het mos hier plaasgevind in hierdie selfde vertrek omtrent vyf jaar gelede. Die negentiende Januarie 1956. Dit was in die aand. Onthou jy dit nog, Esbach? Jy onthou tog seker hoedat Faan de Beer aan sy einde gekom het? Of het jy dit vergeet? Onthou jy nog daardie hofsitting? Onthou jy nog hoedat jy staatsgetuie geword het? En hoedat ek op jou getuienis na die tronk gestuur is? Of het jy dit alles al vergeet?"

"Nee, ek onthou dit nog, Chris," sê Esbach. "Ek onthou dit nog goed. Wat sou jy gedoen het? As jy jou bas kon red, sou jy dit nie gedoen het nie?'

"Ek weet nie," sê Wagenaar. "Ek weet nie wat ek sou gedoen het nie. Dit is so lank gelede. Toe was ek miskien nog 'n beter man as wat ek nou is. Maar ek weet een ding, Esbach, ek sou nie 'n man wat ek as my vriend gereken het nie, verraai soos jy gedoen het nie. As jy reg gepraat het, dan was ek nie in die tronk nie. Maar jy het opsetlik so gepraat dat hulle jou moes glo, sodat jy my agter tralies kon kry. Dan kon jy mos kaatjie van die baan wees hier in Rooiberg."

Flip Esbach word koud daar waar hy sit. Hy ken die verhaal nog goed. Hy het so half en half verwag dat Chris Wagenaar miskien eendag sou terugkom. Hy was altyd op sy hoede maar nooit kon hy dit werklik glo dat dit sou gebeur nie. En vanaand het dit gebeur.

Chris Wagenaar kyk nou baie aandagtig na hom. Dit duur 'n rukkie voordat hy weer praat.

"Jy wil seker weet presies waarom ek gekom het, nie waar nie, Esbach? Ek sal jou sê; Ek het gekom nie net om my pond vleis te eis nie maar ook om my te wreek."

Daar is 'n vinnige beweging van sy hand en toe glinster die plat pistool in die lig van die lamp. Esbach deins terug. Sy oë is groot en verskrik. Die sweet blink duideliker op sy voorkop.

Hy stoot sy hande weerhoudend uit. "Wag, Chris," sê hy. "Moenie onverstandig wees nie."

Chris Wagenaar glimlag maar dit is 'n bitter glimlag wat sy gesig ouer laat lyk as wat dit werklik is.

"Ek kan sien dat jy nog skrik, Esbach. Ek wil net vir jou sê; hierdie pistool is gelaai. Hy is vol gelaai. Het jy dan 'n skuldige gewete dat jy so skrik? Ek het dan gemeen jy het al vergeet van Chris Wagenaar. Die man wat jy vier jaar tronk toe gestuur het. Of het jy gedink dat ek ook vergeet het, Esbach?"